# Vernuwing in die Gereformeerde[1] erediens

J.M. Vorster
Departement Ekklessiologie & Dogmatologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Renewal in Reformed worship**

*In contemporary Ecclesiology, much attention is paid to liturgy in order to avoid formalism and rationalism in worship. This article focuses on the possibility of renewal in worship in the Reformed Churches in South Africa (GKSA) to accommodate expectations of worship in a post-modern society with its emphasis on the meaningful experience of the communion with God. The main elements of liturgy as practised in the Reformed Churches in South Africa are discussed in order to propose renewal where necessary within the framework of Biblical principles regarding this theme.*

## 1. Inleiding

Die wyse van aanbidding in die amptelike erediens van die gemeente het oor die afgelope dekades sterk onder die soeklig gekom. Hiervoor kan daar hoofsaaklik vyf redes aangevoer word. Eerstens het die Liturgiese Beweging wat in 1832 in Frankryk ontstaan het die belangstelling in die liturgie lewend gehou (Chandlee, 1986:308). Tweedens is hierdie rigting gestimuleer deur die nuwe belangstelling in dié saak deur die Ekumeniese Teologie. Hierdie belangstelling het gestalte gevind in die Lima-liturgie getitel: "Baptism, eucharist and ministry" (BEM) van die Wêreldraad van Kerke (WRK, 1982:viii). Met dié teks poog die Wêreldraad van Kerke om 'n ekumeniese liturgie daar te stel ten einde eenheid in die wyse van aanbidding te bevorder. Volgens Tomkins (1986:222) is die BEM-teks reeds op 'n wye vlak deur lidkerke van die WRK aanvaar en het dit die stroming van liturgiese vernuwing aansienlik gestimuleer.

'n Belangrike rede vir die strewe na liturgiese vernuwing is, in die derde plek, die opkoms van die postmodernisme. Teenoor die modernisme met sy rasionalistiese en intellektualistiese godsdiensbelewing bring die postmodernisme 'n nuwe spiritualiteit (Maree, 1994:367). In hierdie nuwe spiritualiteit val die klem meer op die subjektiewe belewing en ervaring van die mens as op sy waarneming en

1 Vir die doeleindes van die bespreking word die skryfwyse *Gereformeerd* gevolg wanneer spesifiek na die GKSA verwys word. Met *gereformeerd* word die algemene betekenis van "binne die reformatoriese tradisie" bedoel.

intellektuele verstaan van die liturgiese gebeure. Die postmoderne mens wil meedoen, ervaar en inleef eerder as om passief te verstaan (Smit, 1995:114).

In die vierde plek word die erediens al hoe meer gesien as die sentrale dimensie van die totale diens aan God (Forrester, 1995:149). Die erediens word, mede as gevolg van die groeiende belangstelling in die liturgie, gedefinieer as die kragbron en rigtingewende beginsel van die mens se totale godsdiensbelewenis. Vyfdens word vernuwing in die erediens beskou as wesensbelangrik in die prosesse van kerkvernuwing en evangelisering van nominale Christene (Gibbs, 1993:44). Bogenoemde vyf stellings is die belangrikste redes vir die groeiende belangstelling en die krete om vernuwing in die wyse van aanbidding in die kerklike erediens.

Soos enige ander aspek van die teologie en die kerklike bediening moet die orde en inhoud van die erediens ook aan die voortdurende toets van reformasie en vernuwing onderwerp word, anders kan die erediens en godsdienstige handelinge verstar in blote formalisme. Tog moet die vernuwing vanuit 'n duidelik gedefinieerde beginselbasis geskied. Twee weë is moontlik: die mens en sy behoeftes kan as uitgangspunt gekies word óf God en die diens aan Hom kan as uitgangspunt gekies word. Vanuit Bybelse hoek waarsku Barnard (1981:487) tereg teen eersgenoemde tendens wat hy omskryf as antroposentrisme en sê hy verder dat God die alles-bepalende uitgangspunt moet wees en die sentrale plek moet kry. In hierdie artikel word by die prinsipiële vertrekpunt van Barnard aangesluit.

So 'n uitgangspunt beteken egter nie dat die mens en belewenis geen plek mag kry nie. Barnard (1981:494) sien dit ook nie so nie. Vir hom moet die liturgie saakgetrou en mensgetrou wees. Die "saad" moet op die regte akker (die mens) val. Daarby moet die postmodernisme dit toegegee word dat die mens nie lewe, en dus aanbid, in 'n vakuum nie; sy behoeftes, ook godsdienstige behoeftes word bepaal deur sy alledaagse belewenisse, verhoudings en aktiwiteite. God en mens moet daarom nie teenoor mekaar gestel word nie. Dit gaan om God se eer uit die dieptes van die menslike hart. Dit gaan om God se eer wat gesoek word binne die milieu en kragveld van die mens se daaglikse lewe. Hoewel God se eer dus vooropstaan, kan die erediens nie onveranderlik van tyd tot tyd oorgeplaas word nie, omdat ook die menslike belewenis van tyd tot tyd ingrypend verander.

In die lig van bogenoemde benadering word vernuwing van die erediens binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ondersoek. Eerstens word die karakter van die erediens in die lig van algemene, liturgiese tendense en in die lig van die Skrif bespreek. Daarna word die elemente van die erediens soos dit vernuwend ingeklee kan word vir die mens van vandag bespreek.

## 2. Die karakter van die erediens

'n Bespreking van vernuwing in die erediens is afhanklik van hoe die erediens gesien en gedefinieer word. Hieroor loop die gedagtes egter wyd uiteen. Dit is nodig om na enkele van die bekende definisies te kyk ten einde 'n model te vorm waaraan vernuwing in die erediens gemeet kan word. Daarom word vervolgens aandag gegee aan die siening van die erediens as ontmoeting tussen God en sy gemeente, die erediens as verbondsgemeenskap, die erediens as fees en die erediens as gesamentlike aanbidding.

### 2.1 Die erediens as ontmoeting tussen God en sy volk

Letterlik opgeneem beteken liturgie die "diens van die volk" (GKSA, 1955:400). Op grond van hierdie uitdrukking en die begrip *episonagoge* konkludeer Van der Walt (1982:7, 8) dat die erediens 'n samekoms van gelowiges is met 'n spesifieke doel. Die doel is om saam die verbondsgod te ontmoet en te eer terwyl Hy Hom met genade in hulle midde stel en hulle ontmoet. So gesien, is die erediens 'n geestelike tweerigtingverkeer tussen God en sy volk. Op grond van Skrifgegewens soos Hebreërs 10:25, Matteus 23:37, 24:31, Lukas 13:34 en 2 Tessalonisense 2:1 beskryf Van der Walt (1982) die erediens ook as 'n vergadering. Mense word saamgetrek op een punt om in gemeenskap met God te tree. Die gedagte van ontmoeting met God staan dus sentraal in die erediens.

Die gedagte dat die erediens in sy wese 'n ontmoeting is, is veral deur Kuyper (1911:24) uitgewerk en sy invloed het daarna ver uitgekring in die gereformeerde liturgiek. In hierdie denklyn het die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 'n studierapport in 1985 die erediens gedefinieer as 'n ontmoeting van die verbondsvolk met God se verbondsgemeente (GKSA, 1985:393). Binne hierdie ontmoeting lê ook die elemente van gemeenskap, aanbidding en verheerliking. Die standpunt word gegrond op Skrifgedeeltes soos Handelinge 2:46, 3:1, 22:17 en 1 Petrus 2:9. As voorbeelde is ook genoem die tempelliturgie en die sinagogale liturgie wat uiteindelik groot invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van die dialoogkarakter van die Christelike erediens. Grondliggend is egter die gedagte van 'n ontmoeting wat op verskillende wyses gerealiseer word. Volgens die rapport (GKSA, 1985:400) is die erediens 'n gespreksontmoeting waarin die woordverkondiging sentraal staan (Hand. 2:42, Rom. 10:17; 1 Kor. 15:12 en Kol. 2:7), maar dit is ook 'n ontdekkende ontmoeting waarin die mens sy skuld ontdek asook die weg na Christus.

Voorts is die ontmoeting ook 'n genadige ontmoeting met 'n feestelike en dankbaarheidskarakter asook 'n feestelike ontmoeting, 'n ontmoeting deur die Gees en in waarheid (Joh. 4:24; Heb. 10:22). Die ontmoeting impliseer ook 'n gemeente-opbouende ontmoeting (1 Kor. 14:4; Ef. 4:11), 'n stylvolle ontmoeting wat ordelik plaasvind, 'n aktiewe ontmoeting waarin almal deelnemend betrokke

is, 'n verpligte ontmoeting (Heb. 10:25). Hierdie ontmoeting vind plaas onder leiding van die dienste (1 Tim. 5:17; 2 Tim. 2; Heb. 13:7) en is 'n openbare ontmoeting waar die erediens die komende koninkryk weerspieël. Die gedagte van die erediens as ontmoeting tussen God en mens is dus fundamenteel aan die gereformeerde liturgiese beskouing. Dieselfde konklusie word ook gevind by Suid-Afrikaanse teoloë soos Laubscher (1988:41), Du Toit (1980:54, 58), Spoelstra (1994a:43), Strydom (1994:177) en die Nederlandse teoloog Dingemans (1991:11).

Is dit egter korrek om die erediens as 'n ontmoeting met God te omskryf? Schulze (1995:7) het hieroor bedenkinge. Hy sê dat die woord *ontmoet* dui op gebeure wat op 'n bepaalde tydstip plaasvind. Die gebeure hou nie aan nie en impliseer dat die partye weer uitmekaar gaan. Die frase *ontmoeting met God* beteken dus dat God en die gemeente ontmoet en dan weer uiteengaan. Daarteenoor word die kerk beskryf as die tempel van God waarin die Gees van God woon. God ontmoet nie sy volk nie, maar woon by hulle. Hierby kan gevoeg word dat alle geleenthede van persoonlike en gesamentlike gebed en aanbidding as 'n ontmoeting met God beskrywe kan word. God ontmoet mense nie slegs in die erediens nie. As dit so sou wees, wat dan van die res van die lewe?

Schulze (1995:7) sê tereg:

> Die Nuwe Testament praat van vergader (Hand. 20:7), saamkom (1 Kor. 11:18) en dui die erediens as 'n onderlinge byeenkoms (Heb. 10:25) aan. Kan daar dan nie maar 'n beter woord as ontmoeting (met sy Ou-Testamentiese kleur) gevind word nie?

Schulze moet hierin gelyk gegee word. Die beskrywing van die erediens as 'n ontmoeting tussen God en die gemeente, soos dit sedert Kuyper algemeen gebruik is, beskryf slegs een aspek van die erediens. Die woord druk nie die dinamiek van wat in 'n erediens behoort plaas te vind, doeltreffend uit nie. Die uitdrukking verskraal ook die omvangryke betekenis van die deurlopende teenwoordigheid van God by sy volk en by die gelowige. Die gelowiges individueel en gesamentlik ontmoet God nie net van tyd tot tyd en plek tot plek nie, maar lewe altyd voor die aangesig van God. 'n Beter uitdrukking as ontmoeting moet dus gesoek word.

## 2.2 Die erediens as verbondsgemeenskap

Van Rongen (1968:5) benader die erediens uit die oogpunt van die verbond, omdat die erediens in wese verbondsgemeenskap is. Hiervoor beroep hy hom veral op die Ou-Testamentiese leer oor die verbond. Dit is inderdaad so dat die verbond 'n belangrike fondament was van die erediens in die Ou Testament. Die erediens was 'n onderdeel van die verbondsverhouding. Vriezen (1966:276) sê dat dit juis daarom is dat Israel nie soos die Oosterse volke 'n kultus beoefen het

nie, maar 'n erediens. Die God van Israel vra nie 'n kultus waarin iets aan Hom gebring word nie, maar Hy gee aan sy volk 'n erediens wat die geleentheid bied om gemeenskap met Hom deur versoening te hou (Lev. 17:11).

As gevolg van die verbondsverhouding is die erediens 'n "verkeersweg" met dubbele verkeer: God kom daarin tot die mens, maar die mens gaan daarin ook na God. Langs hierdie weg kom God versoenend tot die mens en gee hom die geleentheid tot gereelde suiwering van sy sonde; die mens kom daarin tot God met sy skuldbelydenis en met sy tekens van dankbaarheid en verering (Vriezen, 1966:277; Preuss, 1992:231).

De Klerk (1988:11) beweeg in dieselfde denklyn met sy beskrywing van die liturgie as 'n koninkryksliturgie, dit wil sê, 'n bepaalde vorm van diens voor die troon van die ewige Troonvors. In hierdie koninkryksliturgie word God geëer en gedien. Die koninkrykshandelinge geskied egter binne die raamwerk van die verbond. God neem die inisiatief met die verbondsluiting en is voor almal by die erediens teenwoordig. Pieterse (1988:30) sien ook die samekoms van die gemeente as gemeenskap met die Heer en met mekaar. Uit bogenoemde besprekings blyk dat die term *verbondsgemeenskap* as beskrywing van die intieme persoonlike en gemeenskaplike omgang van God met sy volk wel ten opsigte van die erediens toepaslik is.

Verbondsgemeenskap is 'n goeie beskrywing vir die erediens maar die vraag kan ook gevra word of verbondsgemeenskap nie veel meer as net die erediens is nie. Is persoonlike omgang met God, die daaglikse wandel met Hom, deurlopende vroomheid en soeke na godsvrug nie ook verbondsgemeenskap nie? Dit blyk dus dat, soos met die beskrywing van die erediens as 'n ontmoeting, die term verbondsgemeenskap wel 'n besondere element van die erediens omskryf, maar nog nie die wesentlike eie aard van die erediens as besondere geleentheid blootlê nie.

## 2.3 Die erediens as fees

Müller (1988a:3) beskryf die erediens as 'n fees. Daarmee laat vaar hy egter nie ander beskrywinge oor die erediens soos die ontmoetings- en gemeenskapskarakter nie. Hy sien die erediens as 'n fees van die Gees en as 'n fees van die gemeente. Op grond van Efesiërs 5:18-10 kom hy tot die konklusie dat die fees 'n getuieniskarakter, 'n lofkarakter en 'n dankkarakter het. Hy bepleit dan ook vernuwing van die erediens sodat dit waarlik 'n fees van die Gees en die gemeente is. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hierdie aspek van die erediens ook in 'n studierapport in 1955 beklemtoon (GKSA, 1955:400).

Die beskrywing van die erediens as fees bring belangrike aspekte van die erediens na vore. Eerstens lê die uitdrukking, saam met die term verbonds-

gemeenskap, klem op die gemeenskaplikheid van die erediens. Mense kom uit alle sosiale groeperinge om saam fees te vier. Die *koinonia* word sigbaar vergestalt. Die erediens is dan waarlik 'n gemeentelike aksie waarin die gemeente volwasse deelnemers is (vgl. ook Barnard, 1981:492). Tweedens word die blydskapskarakter deur die feesgedagte treffend uitgedruk. 'n Fees is 'n blye geleentheid waarin menslike hartlikheid en vreugde die belangrike elemente is. Die fees vind ook plaas rondom 'n bepaalde geleentheid wat in die geval van die erediens die verbondverhouding is. Die gedagte van 'n fees dui ook implisiet op die spiritualiteit van die erediens. Tradisioneel het gereformeerde eredienste dikwels 'n koue rasionele karakter waarin die gelowige nie baie beleef en ervaar van die diepe persoonlike verhouding met God nie. Om die erediens as fees te sien, bring hierdie dimensie ook na vore.

## 2.4 Die erediens as gesamentlike aanbidding

Die erediens kan ook beskryf word as die geleentheid waarop gelowiges saamkom om te aanbid. Die klem val in hierdie beskrywing op aanbid as "vertikale" handeling en op die onderlinge saamkom van gelowiges. In hierdie verband is belangrike bydraes gelewer deur Van der Walt (1982:5), Burkhart (1982:9, 28 en 29) en Brienen (1978:37).

In 'n pakkende geskrif het Jooste (1957:5 tot 8) reeds hierdie definisie gebruik en dit is van belang om op sy beskrywing te let. Die begrip *aanbidding* het vir hom twee brandpunte, naamlik die objek en subjek van aanbidding. Die objek is die Drie-enige God alleen. Hy moet in sy almag en heiligheid aanbid word en mense mag nie aards van Hom dink nie. In die aanbidding het die gelowige te doen met die lewende God en daarom moet Hy hartgrondig aanbid word. Wanneer hierdie elemente van aanbidding ontbreek, vervlak alles tot vormgodsdiens en lippetaal. Aanbidding kan dus nie 'n bloot rasionele proses wees nie.

Die subjek van aanbidding is die gelowige wat homself eerstens moet sien as 'n begenadigde. Die versoening van Christus maak dit vir hom moontlik om voor God te verskyn. Die gelowige moet homself ook sien as geroepene wat die genadewerk van God moet uitdra en bekend maak aan almal wat nog nie daarvan gehoor het nie. As die gelowige homself so ken as begenadigde en geroepene sal die behoefte om na aan God se troon te lewe gedurig gevoel word. Dit sal moontlik wees vir die gelowige om in opregte oorgegewenheid voor God in aanbidding te verskyn en daardeur sy algehele afhanklikheid voor God te erken en te openbaar. So sal die godsdiens vir hom die diens van die ware lewende God wees en nie bloot 'n vorm wat hy van jongs af nakom nie.

Jooste (1957:8) lê verder klem op die gesamentlikheid van aanbidding. Hy beklemtoon die feit dat gelowiges onderling saamgesnoer is deur die feit dat almal verenig is met die Here en Meester. In hierdie verband wys hy op die beeld

van die kerk as mistieke liggaam van Christus. Die onderlinge verbondenheid maak die erediens iets anders as die persoonlike binnekamergodsdiens of huisgodsdiens van 'n gesin. Hy sê:

> Daar kom egter 'n ander vorm van gesamentlike aanbidding voor en dit is van 'n groep gelowiges of gelowige huisgesinne wat saamkom om te aanbid. So 'n groep van gelowiges of gelowige gesinne behoort meestal aan 'n gemeente, en die byeenkomste vir aanbidding is dan die van die openbare aanbidding van die gemeente. Hierdie soort openbare aanbidding van die gemeente noem ons eredienste. Dit is dus 'n byeenkoms van gelowiges met die doel om gesamentlik in aanbidding tot God te nader (Jooste, 1957:9).

Ridderbos (1971:538) toon ook aan hoe die samekomste die eiesoortige karakter van die gemeente in die wêreld aandui. Die definisie van Jooste is die bevredigendste van al die definisies wat reeds in hierdie artikel bespreek is. Die definisie laat reg geskied aan die intieme persoonlike gemeenskap wat in die erediens met God beoefen word en ook die uiters belangrike aspek van gesamentlikheid en deelgenootskap met mekaar. Met so 'n omskrywing kan die gevaar van formalisme, rasionalisme en oppervlakkigheid vermy word en kan die positiewe spiritualiteit, egtheid, nederigheid, lofprysing en gehoorsaamheid aan die Woord helder onder die vergrootglas kom. Daarom word die definisie van die erediens as gesamentlike aanbidding gekies as vertrekpunt vir die bespreking oor die elemente van die erediens.

## 3. Elemente van die erediens

### 3.1 'n Liturgiese orde?

Moet daar 'n bepaalde orde wees waarin die gemeente se gesamentlike aanbidding plaasvind? Spoelstra (1994b:558) is van mening dat die liturgiese orde baie belangrik is. Hy noem dit die mees basiese kerkorde en sê dat liturgiese willekeur die kerklike eenheid versteur. Hy baseer sy beskouing op die voorskriftelikheid wat in die Ou Testament ten opsigte van die erediens gevind word. In die Nuwe Testament vind hy bewyse vir sy stelling in Johannes 4:23 en 1 Korintiërs 14:40 (Spoelstra, 1994b:567). Dat aanbidding in gees en in waarheid en ordelik moet geskied, val nie te betwyfel nie. Hierin is Spoelstra korrek. Maar kan hieruit afgelei word dat daar een vaste liturgiese orde moet wees? Dit blyk dat die Nuwe Testament nie duidelike uitspraak hieroor gee nie (Müller, 1988a:53; Barnard, 1981:486 en Strydom, 1994:156).

Uit die Skrif kan wel afgelei word dat daar basiese elemente is wat in die erediens teenwoordig moet wees. Volgens Calvyn (1949:483) word die basiese elemente gevind in Handelinge 2:42, naamlik die leer van die apostels, die gemeenskap, die breking van die brood en die gebede. Hy sê dat geen samekoms van die gemeente gehou kan word sonder prediking van die Woord, gebede, die

sakrament van die Nagmaal en die uitdeling van aalmoese nie. Hierdie orde was volgens Calvyn deur Paulus in die gemeente van Korinte ingestel en was daarna vir eeue in gebruik gewees. In die verklaring van die vierde gebod sluit die Heidelbergse Kategismus (Sondag 38) by die standpunt van Calvyn aan. Daarin word gesê dat die gemeente op Sondag moet saamkom om uit Gods Woord te leer, die sakramente te gebruik, die Here aan te roep en die Christelike barmhartigheid te beoefen.

Uit bogenoemde blyk dat die hele erediens rondom hierdie basiese elemente geweef moet word. Naas hierdie elemente moet die belangrike aspekte van lofprysing in sang, belydenis en die gees van aanbidding ingebou word. Hoewel daar dus nie 'n vaste onveranderlike liturgiese orde uit die Skrif afgelei kan word nie, is daar vaste bakens waarlangs die pad van die erediens loop.

Die tradisie is in 'n sekere sin ook belangrik. Müller (1988a:53) sê tereg dat 'n kerk wat sy liturgiese erfenis verwaarloos, geestelik arm word. Huidige liturgiese vorme is immers ingeplant op vorme van die verlede (Wegman, 1983:218). Die mooie, die bruikbare simboliek en die toepaslike aspekte van liturgiese ordes van die verlede moet behou word omdat dit steeds opbou en funksioneel is. Die tradisie moet egter nooit tot beginsel verhef word nie. Tradisionalisme blus lewe en beweging. 'n Bepaalde gestalte van die erediens in 'n bepaalde tydvak van die geskiedenis mag nooit tot die absolute verhef word nie (Müller, 1988b:107). In die vasstelling van 'n liturgiese orde in die huidige tyd moet rekening gehou word met die konteks van die gemeente. Om hierdie rede het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1927 'n liturgiese orde vasgelê, maar tog daarby gesê dat sekere aspekte aan die vryheid van die kerkraad oorgelaat word (GKSA, 1927:34).

Hierdie standpunt bring mee dat die vorm van die erediens nie in sy geheel deur sinodes vasgelê behoort te word nie. 'n Sinode hoef net ooreen te kom oor die basiese grondelemente van die erediens. Dan word dit die taak van die plaaslike kerk om vir sy eie plaaslike omstandighede 'n liturgiese orde, of nog beter, liturgiese ordes uit te werk. Verskillende liturgiese ordes in verskillende plaaslike kerke kan goeie verskeidenheid tot gevolg hê, maar kan ook verdiepend op mekaar inwerk. Die sosio-kulturele omstandighede moet hierin 'n belangrike rol speel. 'n Liturgie wat in Suid-Afrika toepaslik is op 'n tradisioneel Afrikaanssprekende gemeente gaan nie noodwendig dieselfde effek hê as by 'n Zoeloesprekende of Engelssprekende gemeente nie.

## 3.2 Die votum, groetseën en slotseën

Die votum is die openingsverklaring van die erediens. Dit is die uitspraak waarmee die vergaderde gemeente openlik sê in Wie se Naam hulle vergader en Wie hulle in hulle diens eer. Die gemeente wy hulle aan God (Beukes, 1993:101). Deur die votum verskyn God voor die geloofsoog van die gemeente

(Van der Walt, 1982:21). Die votum is dus 'n openlike belydenis waarmee die gemeente homself en die doel van sy gesamentlike aanbidding uitdruk.

Tradisioneel word in die votum die woorde van Psalm 124:8 gebruik wat lui: "Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het." Hierdie uitspraak word soms vervang met 'n trinitariese formule of met die woorde van Psalm 121:1 en 2 en ander paslike Skrifgedeeltes. Belangrik in hierdie opsig is die belydenis van die gemeente se vertroue in God en volledige afhanklikheid van Hom. Watter formule gebruik word, behoort oorgelaat te word aan die liturg. Die votum moet persoonlike verbondsgemeenskap met God in werking stel. Die gelowiges moet daardeur ervaar dat hy die gewyde terrein van gesamentlike aanbidding betree.

Op die votum volg die groetseën. In die groetseën ontvang God die gemeente in sy gemeenskapsbeoefening deur die versekering van sy genade te gee (Van der Walt, 1982:21). Die groetseën word uitgespreek in die Naam van die Drie-enige God en verseël die vertikale dimensie van die verbondsgemeenskap wat reeds met die votum ingestel is. Die volk van die Here ontvang met blydskap sy seën op hulle gesamentlike aanbidding; daarom is dit gepas dat die liturg en die gemeente mekaar met die groetseën in die oë kyk. Die skep van die regte stemming vir die votum en seëngroet is uiters belangrik. Reeds hier word die gewydheid van die erediens gemaak of gebreek. 'n Tyd vir stilte en selfs stilgebed behoort die votum en seëngroet vooraf te gaan. So kan die regte atmosfeer geskep word.

Die gebaar by die groetseën hang af van die standpunt of dit primêr gaan om groet of seën. Jonker (s.j.:145) en Müller (1988a:61) sien die seëngroet slegs as 'n groet en bepleit daarom 'n groetgebaar. Die seëngroet is egter meer as net 'n groet, want daar word definitiewe seën oor die gemeente en die erediens uitgespreek, soos blyk uit die begin van die briewe van Paulus en Openbaring 1:4 en 5. Met die seën moet dus 'n seëngebaar gepaard gaan. 'n Seëngebed impliseer volgens die voorbeeld van Levitikus 9:22, Numeri 6:27 en Lukas 24:50 'n ophef van albei hande. Die gebaar moet een wees van toesegging van, nie van groet of gebed nie, steeds met die bewustheid dat dit God self is wat effektief seën (Van der Walt, 1982:31).

Dieselfde beginsels is van toepassing op die slotseën. Deur die slotseën word die gesamentlik aanbidding afgesluit en die gelowige weggestuur. Die gelowige betree weer die wêreld en met die oog hierop impliseer die slotseën die gedagte van toerus en wegstuur (Müller, 1988a:103).

### 3.3 Die geloofsbelydenis en wet

Die geloofsbelydenis is 'n belangrike element van die erediens en kan gesien word as 'n algemene bekentenis of identifisering van die verbondsgemeente. Die gemeente verklaar openlik hulle geloof in die Drie-enige God en bely daarmee hulle afhanklikheid van Hom. Terselfdertyd word die eie aard van die kerk in die wêreld daarmee geïdentifiseer. Wanneer na die historiese agtergrond van die ekumeniese belydenisskrifte gekyk word, is die bely van die Drie-enige God van kardinale belang: daarmee word die kernidee van die Christelike geloof betuig, soos die belydenis na lang stryd histories ontwikkel het (Lohse, 1985:37). Daarom sou dit nie wenslik wees om die belydenis van een van die drie ekumeniese belydenisskrifte in die erediens te vervang met 'n gereduseerde verklaring oor die gemeente se geloof in God nie. Die behoud van een van hierdie drie historiese simbole is belangrik omdat daarmee ook die diepliggende eenheid van die universele Kerk uitgedruk word. Hierdie eenheid word nog meer beklemtoon en beleef as die liturg dit sou inlei met die woorde: "Saam met die kerk van alle eeue bely ons nou saam ons geloof".

Tradisioneel is die belydenis uitgespreek deur die liturg met die gemeente wat "in hulle harte saam bely". Hierdie gebruik in die Gereformeerde Kerke kom uit 'n era toe daar fel verset was teen die metodisme en die sogenaamde "onordelikhede" wat dié stroming in die eredienste tot gevolg gehad het. Tot hierdie gebruik het die modernisme met sy intellektualistiese inslag ook bygedra in die opsig dat daar weggeskram is van gevoel en belewing. Die klem is laat val op die inhoud van die belydenis. Om die belydenis te ervaar is egter ewe belangrik, juis in die postmoderne tyd waarin die mens dit wat hy bely ook wil beleef. Daarom sou dit wenslik wees dat die gemeente, in plaas van slegs die liturg, die belydenis hardop uitspreek of beter nog, die beryming daarvan sing, omdat die gemeente deur die sang homself in die belydenis kan inleef. So 'n praktyk sal bydra tot 'n groter klem op die belangrikheid van die belydenis (Van der Walt, 1982:44).

Die afkondiging van die wet hang saam met die drieërlei gebruik van die wet in die Nuwe-Testamentiese kerk, soos dit na vore kom in die briewe van Paulus. Ridderbos (1971:307) kom na oortuigende eksegese tot die gevolgtrekking dat Paulus 'n drieërlei gebruik van die wet voorgeskryf het, naamlik as kenbron van die mens se ellende, as tugmeester tot Christus en as aanduiding van die wil van God in die lewe. Laasgenoemde kan ook genoem word die reël vir ons dankbaarheidslewe. Die gelowige bely dus in die geloofsbelydenis eers sy geloof in die Drie-enige God en ontvang dan die wet in hierdie drieërlei sin. Afwisseling is egter in hierdie opsig moontlik. In een erediens kan die klem gelê word op die wet as kenbron van ellende en tugmeester tot Christus. Dan kan die wet voor die belydenis afgekondig word. Met die belydenis beaam die gemeente dat sy heil lê in Christus alleen. In 'n ander erediens kan die geloofsbelydenis eers uitgespreek

word en kan die wet daarna afgekondig word as reël van die dankbaarheidslewe. So kan die onderskeie gebruike van die wet, soos deur die Nuwe Testament omskryf, duidelik benadruk word. Die noue eenheid tussen geloofsbelydenis en die ontvang van die wet kan op hierdie wyse onder die aandag van die gemeente gebring word. Voorts kan die afkondiging van die wet uit Eksodus 20 en Deuteronomium 5 afgewissel word omdat afwisseling die roetine verbreek en die aandag opnuut op die saak vestig. Wanneer die wet in die erediens as reël van dankbaarheid funksioneer, behoort die samevatting van die wet soos uitgedruk in Matteus 22:37 en 38 ook gelees te word. Op so 'n wyse word die essensie van die gelowige se dankbaarheidslewe beklemtoon (Beukes, 1993:105).

Saam met die geloofsbelydenis en die wet behoort skuldbelydenis ook te figureer, veral as die wet gelees word as die kenbron van die ellende. So gesien, kan die wet eers gelees word en daarna die geloofsbelydenis waarin die gemeente homself identifiseer as verbondsvolk. Dan kan skuldbelydenis volg waarin die verbondsgemeente skuld erken en voor God bely. Die besluit van die GKSA (1927:34) dat die skuldbelydenis in die gebed na die Skriflesing gedoen moet word, is aanvaarbaar maar bring tog mee dat die skuldbelydenis nie as 'n belangrike afsonderlike handeling funksioneer nie. Spoelstra (1994b:572) sê tereg dat die skuldbelydenis as liturgiese handeling in die sinodebesluite van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika onderbelig word. Hy is van oordeel dat die skuldbelydenis meer klem moet ontvang en dat dit selfs opgevolg moet word met absolusie.

Die gebruik van die skuldbelydenis en absolusie is nie 'n nuwe saak in die gereformeerde liturgie nie. Calvyn het reeds klem gelê op die vryspraak van die Drie-enige God na die skuldbelydenis (Müller, 1988:66), terwyl Kuyper (1911:217) in ooreenstemmig met dié standpunt betoog het dat die skuldbelydenis en die absolusie hardop uitgespreek of gesing kan word. Hierdie tradisionele elemente van die gereformeerde erediens behoort herstel te word, omdat dit kan bydra tot groter ervaring en belewenis van die sake waarom dit gaan. Die wet, die geloofsbelydenis, die skuldbelydenis en die vryspraak kan, afhangende van die aspek van die wet wat beklemtoon word, in afwisselende volgorde figureer. Sodoende kan die gelowige die persoonlike geestelike gemeenskap met God meer intens beleef.

### 3.4 Die sang

Die doel van die sang in die erediens word duidelik in die Skrif uitgespel. Die sang dien onder andere tot opbou van die gemeente (1 Kor. 14:26), dit versterk die gemeenskap van die gelowiges en is 'n uitdrukking van blydskap in die Here (Ef. 5:19 en 20). Verder weërspieël die sang ook 'n dankbaarheidslewe (Kol. 3:16).

Hoe moet koorsang in hierdie lig beoordeel word? Daar bestaan hieroor verskillende gebruike binne die Gereformeerde tradisie. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika lê klem op die korporatiewe deelname en wys daarom die gebruik van kore af. Ander gebruike wend kore aan om afwisseling teweeg te bring en deur die hoë gehalte van afgerigte koorsang die regte gewyde atmosfeer te skep. Vir albei standpunte is iets te sê. Dit is belangrik dat die korporatiewe element gedien word, maar alles hoef nie daarin op te gaan nie.. Dit is moontlik om gesamentlike sang binne die erediens met koorsang af te wissel sonder om die korporatiewe element skade aan te doen. Wat is immers die verskil tussen stigtelike orrelspel wat deur 'n individu uitgevoer word en sang deur 'n koor?

Daar is ook verskil binne die Gereformeerde tradisie oor wat gesing moet word. Van der Walt (1982:39) oordeel tereg dat die Heilige Skrif ons leer dat nie uitsluitlik Psalms gesing moet word nie. Gesange wat regsinnig is, dit wil sê die Bybelse leerstellige beginsels weerspieël, word nie veroordeel nie. Hiervoor beroep hy hom op Jooste (1957:53). Hy sê egter daarby dat gesange waarvan die teks in die Bybel gevind word, wel die veiligste weg is. Beukes (1993:124) sê ook dat die gesang moet ooreenstem met die Skrif, dit mag die kerk se belydenis nie weerspreek nie en dit mag nie in stryd wees met die wese van die erediens nie. Daarby is die waarskuwing van Müller (1988a:40) ter sake, naamlik dat kerksang nie net 'n sosio-kulturele uitdrukking is nie, maar 'n belydenis-uitdrukking. Die inhoud van die sang moet die waarheid van die Skrifopenbaring soos weergegee in die belydenis, weerspieël. Samevattend kan dus in hierdie verband gesê word dat dit die veiligste weg is om Skrifgetroue liedere, wat voldoen aan die Bybelse leerstellige beginsels te sing.

Die melodie van die gesange is ook belangrik. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het onlangs gepoog om die melodieë van die Reformasie in ere te herstel, omdat dit gesien is as die beste voertuig vir die inhoud van die Psalms. Dit blyk egter dat gemeentes groot moeite ondervind met hierdie melodieë. Die vraag is of die melodieë van een bepaalde periode net so op 'n latere periode oorgedra kan word. Elke kultuurperiode het immers sy eie musiekstyl en Müller (1988a:36) sê tereg dat dit dwaas is om die sosio-kulturele element van kerksang te ontken. Deur die geskiedenis het groot veranderinge in kerkmusiek ingetree. Sonder om die veranderinge goed te praat, wys Strydom (1994:121) ook op hierdie feit. Sedert die sewentiende eeu het daar volgens hom 'n gapende kloof ontstaan tussen sekulêre musiek en kerkmusiek.

> Sekulêre musiek sou voortaan sy ontwikkelingspad voortsit buitekant die lewe van die kerk, terwyl kerkmusiek grootliks gestol het in 'n plegtige argaïese styl, wat onaangeroer gebly het deur eietydse musiekontwikkelinge daar buite.

Met vernuwing in die melodieë van kerksang word nie gepleit vir oordrag van moderne musiek binne die liturgie nie. Kerkmusiek het immers sy eie karakter. Die musiek moet egter nie doel op sigself word nie, maar moet die middel wees waardeur die doel van gemeentelike belewing in byvoorbeeld lofprysing, aanbidding, skuldbelydenis en verootmoediging gedien word. Spoelstra (1994b:570) sê tereg dat die woorde en nie die musiek nie bepaal of die gelowige in die psalm aanbid, bely, prys, smeek of aanroep en Müller (1988a:40) bepleit 'n fyn balans tusssen die tradisionele en die moderne. Hy sê dat die kerk enersyds nie moet vassteek by 'n bepaalde musiekstyl van die verlede en so vervreemd raak van die volkstyl en die volksaard nie. Maar hy sê ook dat die musiek andersyds moet pas by die eie aard van die erediens en dat kerke nie agter elke modegier moet aanloop nie. Met vernuwing in liturgiese musiek moet met hierdie fyn balans rekening gehou word. Die musiek moet van so 'n aard wees dat die gelowiges dit wat hulle sing ook werklik kan beleef.

## 3.5 Skriflesing en prediking

In die Nuwe-Testamentiese Kerk is die prediking van die Woord sonder twyfel sterk beklemtoon. Dit blyk onder andere uit Skrifgedeeltes soos Handelinge 6:4; 2 Timoteus 4:1-4; 2 Petrus 1:19-21 en 1 Korintiërs 14:1-9. Ware gesamentlike aanbidding kan dus nie sonder die amptelike bediening van die Woord geskied nie. Butin (1994:420) toon aan hoe belangrik die prediking van die Woord ook vir Calvyn was: in sy stryd teen die beeldediens het Calvyn aangevoer dat prediking so lewend en sprekend moet wees dat gelowiges daardeur die gekruisigde Christus kan sien. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in 1955 gekonstateer dat die diens van die Woord die belangrikste element van die erediens is (GKSA, 1955:401).

In die praktyk het hierdie standpunt vir die erediens verreikende implikasies. Die belangrikste hiervan is dat gelowiges die erediens ervaar as 'n luistergeleentheid. Dit gaan dus vir hulle in die erediens om die luister na die Woord, terwyl die ander elemente daaraan ondergeskik is. Müller (1988a:70) gebruik die beeld van 'n berg en voetheuwels. Die prediking as die berg is die hoogtepunt, terwyl die ander elemente die voetheuwels is. Die ander elemente moet lei na die prediking as hoogtepunt. Deur hierdie beskouing word die gereformeerde erediens beleef as 'n geleentheid om iets te gaan "hoor" en nie soseer om iets te gaan "doen" nie. Die aktiewe aanbiddingselement word op die agtergrond geskuif te gunste van die passiewe luisterelement.

Spoelstra (1994b:575) maan tereg dat die erediens nie net om die preek moet draai nie, want dit benadeel die liturgiese karakter van die erediens. Dieselfde kritiek word uitgespreek deur Pieterse (1988:25). In aansluiting by die ekklesiologiese sleutels wat Dulles (1987:76) gebruik, sê hy dat die kerk waarin die prediking so sterk funksioneer tot gevolg het dat alle vorme van bediening

verkondigingsgestaltes word en die *diakonia* en *koinonia* word afgeskeep. Hoewel hy die preek belangrik ag, sê hy dat dit nie moet lei tot die verskraling van die res van die liturgie nie.

Hierdie wesentlike probleem in die gereformeerde liturgie kan opgelos word deur die eenheid van die erediens te beklemtoon. In plaas van slegs 'n tema vir die preek kan 'n tema vir die erediens gekies word. Die hele erediens word dan rondom die tema opgebou. So 'n praktyk kan die aanbiddingselement versterk en die herhalende en eentonige in eredienste uitskakel. Voorts kan die praktyk elke keer iets nuuts en fris na vore bring. Verskeidenheid bring immers meer belangstelling en belewing.

Van der Walt (1982:47) en Spoelstra (1994b:573) soek ook plek vir afsonderlike Skriflesing in die erediens. Die rede hiervoor is dat die Skriflesing die eintlike geleentheid is waar God met die mens praat. Skriflesing net met die oog op prediking skeep uiteindelik die Skriflesing af. Hierdie standpunte verdien positiewe waardering. Dit sou veral waarde hê as die Skriflesing die tema van die erediens soos hierbo bepleit, sal dien. Anders kan die prediking en die hele erediens wydlopig verloop. Dit is ook 'n vraag of die liturg noodwendig die Skriflesing hoef te doen. Die afsonderlike Skriflesing bied 'n goeie geleentheid vir lidmate wat die gawes daarvoor het om die Skriflesing te behartig. Gesonde afwisseling kan sodoende ook meer verskeidenheid tot gevolg hê.

## 3.6 Die diens van die gebede

Die diens van die gebede was in die Ou-Testamentiese, Nuwe-Testamentiese en vroeg-Christelike tydperke uiters belangrik geag in die liturgiese gebruike. Die tempel is genoem 'n "huis van gebede" (Jes. 56:7, Matt. 21:13). In Handelinge 2:42 word die gebede vermeld as een van die belangrike vier elemente in die byeenkomste van die gelowiges. In die Middeleeue het streng formalisme in die Rooms-Katolieke Kerk die diens van die gebede in die midde van die gemeente verplaas na 'n kultiese handeling deur die klerus. Die Reformasie het hierin positiewe wysiging teweeggebring en die gebede nader aan die gelowiges gebring (Cairns, 1982:276). Tog is die gevaar van formalisme in hierdie element van die gereformeerde erediens nie uitgesluit nie. Die gebede van die liturg kan ook maklik verstar in reëlmatige roetinegebede wat weinig impak het op die geestelike lewe van die gelowiges.

Die diens van die gebede moet dus so geskied dat die gelowige dit beleef as sý gebede waarin sý omstandighede betrek word. Die gebed moet kontekstueel gerig word en die tema van die erediens moet daarin betrek word en vir die beproefdes behoort by name gebid te word. Die persoonlike karakter moet opval. Hierdie persoonlike karakter kan nog meer versterk word as die tweede gebed in die erediens wat tradisioneel deur die liturg waargeneem word, vervang word met

'n stilgebed deur elke gelowige self. So kan hy homself voor God verootmoedig in die lig van die preek wat hy aangehoor het.

Die gebedshouding is baie belangrik. In die Skrif word melding gemaak van 'n knielende houding (Ps. 95:6, 99:5; Luk. 22:41; Hand. 9:40; 20:36 en Open. 4:10) en 'n staande houding waarin almal gestaan het (1 Sam. 1:26; 1 Kon. 8:14 en Luk. 18:11 en 13). In die lig van die Skrif het Calvyn (1949:20) gekies vir die knielende houding. Spoelstra (1994b:576) oordeel dat die liggaamshouding met die aard van die gebed moet korreleer. Die gelowige kan kniel wanneer berou op die voorgrond tree, sit wanneer gewag word op die Here en staan wanneer vreugde en oorwinning voorgedra word. Dit blyk egter dat die Skrif net die knielende en staande houding ken en die diens van die gebede behoort met een van die twee houdings gepaard te gaan. Die gelowiges moet in sy gebedshouding ervaar dat hy met iets anders as die daaglikse menswees te doen het; dat hy staan of kniel voor die lewende God en met Hom in gesprek is. Die gebed moet die hoogtepunte van egte spiritualiteit wees.

## 3.7 Die bediening van sakramente

Die sakramente is seëls en tekens van die verbond en word bedien om die gelowige se geloof te versterk. Die doop en die Nagmaal kan daarom ook beskrywe word as sigbare Woordverkondiging. As seëls en tekens het die sakramente ryke simboliek wat totale betrokkenheid betrek soos geen ander godsdienstige handeling nie (Müller, 1988a:77). Die sakramente gee die geleentheid vir die volle belewenis wat juis vir die postmoderne mens so belangrik is; daarom moet die simboliek verstaan word ten einde die betekenis van die sakrament te beleef. As sodanig is die simboliek belangrik en die element daarvan behoort behou en selfs uitgebou te word.

Barnard (1981:511) noem die prediking en die Nagmaal die twee brandpunte van die erediens. Die Nagmaal behoort volgens hom gereeld saam met die prediking gevier te word. Hierdie standpunt is belangrik, maar daar moet gewaak word teen onderbeligting van die doop. Doop en Nagmaal is ewe belangrik, omdat elk simbolies 'n belangrike element van die heil in Christus uitdruk. Albei verryk die Woordbediening op 'n eie wyse.

Sentraal in die Nagmaal is die tekens van brood en wyn (GKSA, 1988:120). As simbole van die liggaam en bloed van Christus is hierdie tekens die beginsels wat essensieel en onveranderlik is in die viering van die Nagmaal. Rondom hierdie tekens bestaan ook ander simboliek wat nie geringgeskat moet word nie, veral nie as die simboliek heenwys na die essensie nie. Die gebruik van bekers of kelkies en Nagmaal by die tafel of in die banke is nie beginselsake nie (Van Wyk, 1991:261; Grove, 1994:609). Tog moet die simboliek van elkeen binne die raamwerk van die geheel van die Nagmaalbediening verreken word.

Die gebruik van die bekers en tafels, waarby gelowiges die borde en bekers vir mekaar aangee, is 'n belangrike simboliese uitdrukking van die gemeenskap van die gelowiges. In 'n klein gemeente kan so 'n gebruik funksioneel wees. Groot gemeentes wat baie aansitgeleenthede vereis, mag die gebruik eerder steurend vind en daar kan ander wyses van bediening gepas wees, soos die gebruik van meer bekers of kelkies in die banke of ander gebruike wat in die geskiedenis van die gereformeerde Nagmaalbediening met groot vrug toegepas is. Die gebruik van die Nagmaal hoef dus nie noodwendig in elke gemeente dieselfde te wees nie, solank die prinsipiële basis en die essensie van brood en wyn nie in gedrang gebring word nie. Die tekens en die simboliek moet so aangewend word dat dit nie net die geloof versterk nie, maar die geleentheid bied vir egte en deurleefde ervaring van dit wat gebeur. Elke gemeente se eie aard en konteks moet in die beplanning van die bediening van die Nagmaal 'n rol speel.

Watter betrokkenheid het kinders by die bediening van Nagmaal? Die vraag oor die kinderkommunie is tans aktueel (Prins, 1994:306; Beukes, 1994:25). In die liturgiese belewing word ook al hoe meer klem gelê op die noodsaak om die kind te laat deel in religieuse ervarings, waaronder dus ook die deelname aan die Nagmaal. Theron (1994:303) oordeel dat die kinderkommunie 'n teologiese moontlikheid is omdat God die sakrament gebruik as 'n heilsmiddel waardeur die beloftes van die evangelie aan ons toegesê word. Hy waarsku teen 'n intellektualistiese benadering waarin te veel klem gelê word op die verstaan van die sakrament. Tog moet hierteenoor gestel word dat die verstaan van die sakrament as genademiddel, as sigbare Woordverkondiging, as oproep tot verootmoediging en bekering (1 Kor. 11:28) en die vermoë om die liggaam van die Here te onderskei van kardinale belang is. Die sakramente is dus 'n saak van hart en verstand (Versteeg, 1980:59).

Sodra die kind dus die prinsipiële aspekte van die Nagmaal verstaan, behoort hy tot die Nagmaal toegelaat te word. Tot die "verstaan" moet hy egter kerklik begelei word. Hierdie kategetiese begeleiding moet nie afgestem word op 'n bepaalde ouderdom nie, maar op die verstaan met verstand en hart. Wanneer hy die liggaam van die Here kan onderskei, sal hy die Nagmaal eg beleef. Intussen is die Nagmaal vir kinders wat dit nog nie verstaan nie, tog ook sigbare Woordverkondiging waardeur hulle ook tot groter insig gelei word. In dié sin is hulle dus wel betrokke.

Eweneens behoort die sakrament van die doop so bedien te word dat die hele gemeente daarby betrokke is. In die doop kom die verbond onder die soeklig. Die besprenkeling of onderdompeling is teken en seël van die verbond en die inlywing in die gemeente. In die meeste gereformeerde liturgiese gebruike word slegs die doopouers betrek. Selfs die kind word "ingedra" net voor die doop bedien word. Dit blyk dat dit meer sinvol is om die hele gesin na vore te roep,

want dit is immers die verbondsgesin wat in geheel by die nuwe bondeling betrokke is. Die tema van die erediens kan by dié geleentheid ook op een of ander aspek van die doop gewy word, om juis die gemeente meer by die hele plegtigheid te betrek. Wanneer die doop as 'n blote koue handeling funksioneer, soos dikwels gebeur, word nie net die prinsipiële betekenis daarvan nie, maar die noodsaaklike belewing daarvan deur die gemeente ter syde gestel.

## 4. Konklusie

Die gelowige se belewenis van die kerk lê nie primêr in sy lidmaatskap van die bepaalde samelewingsverband nie, maar in sy deelname en ervaring van die gesamentlike aanbidding in die erediens. Die kerk is in die eerste plek daar waar die gelowiges saamkom om die Here te aanbid; daarom is die beplanning en opset van die erediens belangrik. In die erediens moet die gelowige in elke handeling die nabyheid van God en die persoonlike gemeenskap met Hom deur die Gees ervaar. Daardeur moet sy geloof gebou en versterk word, moet hy krag put vir sy daaglikse diens in die koninkryk en moet hy met opgerigte hoof die spanninge en beproewinge van die lewe trotseer.

Die vorm van die erediens moet in elke gemeente nougeset dopgehou word en binne die raamwerk van Bybelse beginsels voortdurend vernuwe word sodat dit die essensiële rol kan dien waarvoor dit ingestel is. Die doel is om God met hart en verstand te dien en die persoonlike geloofsgemeenskap met Hom kragtig te beleef en te ervaar. Sonder voortdurende vernuwing word die erediens 'n koue ritueel waardeur die gelowiges nie opgebou word nie, maar geestelik stagneer.

## Bibliografie


BARNARD, A.C. 1981. Die erediens. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

BEUKES, M.J. du P. 1993. Erediens I. Pretoria : Kital.

BEUKES, M.J. du P. 1994. Erediens II. Pretoria : Kital.

BRIENEN, T. 1978. Twee in één. Kampen : Kok.

BURKHART, J.E. 1982. Worship. Philadelphia : The Westminster Press.

BUTIN, P.W. 1994. John Calvin's humanist image of popular late-Medieval piety and its contribution to Reformed worship. *Calvin Theological Journal*, 29(2):419-430, November.

CAIRNS, E.E. 1982. Christianity through the centuries. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

CALVYN, J. 1949. Institutie, of onderwijsing in de christelijke godsdienst. Delft : Meinema. Deel 3.

CHANDLEE, H.E. 1986. The liturgical movement. (*In* Davis J.G. *ed.* A new dictionary of liturgy and worship. London : S.C.M. Press. p. 307-314.)

DE KLERK, J.J. 1988. 'n Liturgiese uitsig op God. (*In* Smuts, A.J. *e.a.* In gesprek oor die erediens. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 8-22.)

DINGEMANS, G.D.T. 1991. As hoorder onder de hoorders. Een hermeneutische homiletiek. Kampen : Kok.

DULLES, A. 1987. Models of the Church. New York : Double Day.

DU TOIT, D. 1980. Erediens. Formaliteit of fees? (*In* Botha, M.E. *e.a.* Venster op die Kerk, 20 lidmate oor die reformasie van die kerk in die jare 80. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studies. p. 54-64.)

FORRESTER, D.B. 1995. Ecclesiology and ethics. A Reformed perspective. *The Ecumenical Review*, 47(2):148-154.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1927. Handelinge van die Sinodale vergadering. Bloemfontein : Nasionale Pers Beperk.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1955. Handelinge van die 32ste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Pretoria : V. & R. Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee-en-veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1988. Handelinge van die drie-en-veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Aministratiewe Buro.

GKSA
*Kyk*
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA.

GIBBS, E. 1993. Winning them back. Tackling the problem of nominal Christianity. Kent : Monarch Publications.

GROVÉ, A.H. 1994. Een of meer bekers by die instelling van die Nagmaal? 'n Verkenning. *In die Skriflig*, 28(4):539-611, Desember.

JONKER, H. sj. Liturgische orientatie. Wageningen : Zomer en Keunings.

JOOSTE, J.P. 1957. Kom in sy voorhowe. Potchefstroom : Calvyn Jubileum-Boekefonds.

KUYPER, A. 1911. Onze eredienst. Kampen : Kok.

LAUBSCHER, J.A. 1988. Die erediens – insig in sy agenda. (*In* Smuts, A.J. *e.a.* In gesprek oor die erediens. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 40-62.)

LOHSE, B. 1985. A short history of Christian doctrine. Philadelphia : Fortress Press.

MAREE, J.P.M. & STRAUSS, S.A. 1994. 'n Paradigma vir postmoderne teologie – Hans Küng se teologie in Aüfbruck. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(3):367-373, September.

MÜLLER, J.C. 1988a. Die erediens as fees. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

MÜLLER, J.C. 1988b. Vernuwing in die erediens. (*In* Smuts A.J. *e.a.* In gesprek oor die erediens. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 106-120.)

PIETERSE, H.J.C. 1988. 'n Erediens – uitsig op die gemeente. (*In* Smuts A.J. *e.a.* In gesprek oor die erediens. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 22-39.)

PREUSS, H.D. 1992. Theologie des Alten Testaments. Israels weg met JHWH. Band 2. Berlyn : Verlag Kohlhammer.

PRINS, J.G.M. 1994. Kinders aan die Nagmaalstafel – belangrike oorwegings ten opsigte van die implimentering daarvan. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(2):306-317.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

SCHULZE, L.F. 1995. Wat is 'n erediens werklik? *Die Kerkblad*, 98(2963):7-8.

SMIT, A. 1995. Spirituality and church meetings. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *eds*. Meeting the future. Christian leadership in South Africa. Randburg : Knowledge Resources. p. 112-121.)

SPOELSTRA, B. 1994a. Liturgie soos in die GKSA beoefen krities bekyk. *In die Skriflig*, 28(4):557-579, Desember.

SPOELSTRA, B. 1994b. Liturgiese handelinge stel nie vanself 'n erediens as ontmoeting met God (godsdiens) daar nie. *In die Skriflig*, 28(1):37-56, Maart.

STRYDOM, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore". Liturgie en lied. Bloemfontein : UOVS.

THERON, P.F. 1994. Suigelingdoop en kinderkommunie. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(2):296-305.

TOMKINS, O. 1986. Ecumenical worship. (*In* Davis J.G. *ed*. A new dictionary of liturgy and worship. London : S.C.M. Press. p. 220-222.)

VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN RONGEN, G. 1968. De liturgie van Gods verbond. Groningen : De Vuurbaak.

VAN WYK, J.H. 1991. Besinning oor die viering van die Heilige Nagmaal. *In die Skriflig*, 25(2):245-264, Junie.

VERSTEEG, J.P. 1980. Het avondmaal volgens het Nieuwe Testament. (*In* Van't Spijker *e.a.* Bij brood en beker. Leer en gebruik van het heilig avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de Westerse kerk. Goudriaan : De Groot. p. 9-64.)

VRIEZEN, T.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman en Zonen.

WEGMAN, H.A.J. 1983. Geschiedenis van de christelijke eredienst in het Westen en in het Oosten. Een wegwijzer. Hilversum : Gooi & Sticht.

WRK

*Kyk*

WÊRELDRAAD VAN KERKE. 1982. Baptism. Eucharist and ministry. Genève : Wêreldraad van Kerke.